


Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM		DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE	
	2020/01/20		2020/01/17		2020/01/13		2019/12/02		2019/01/21	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent (\$/b)	65.67	1.03 ↑	1.6%	64.64	1.3%	64.84	7.9%	60.87	5.7%	62.11
US\$: ? ZAR	14.45	0.010 ↑	0.1%	14.44	1.0%	14.30	-0.6%	14.53	4.3%	13.86
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 214.03	80 ↑	3.7%	R 2 134.05	*CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Mar + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 3 028.52	30 ↑	1.0%	R 2 998.83	*CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Mar + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 932.49	30 ↑	0.6%	R 4 902.55	*CBOT Mar cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Mar + -12 : 00 the previous day					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige handelingsdag)										
Mielies Mar '20	389.20	13.80 ↑	3.7%	375.40	1%	385.60	2%	382.00	-6%	412.60
Koring Mar '20	570.40	5.20 ↑	0.9%	565.20	1%	564.40	7%	535.20	2%	559.40
Sojabone Mar '20	929.00	5.00 ↑	0.5%	924.00	-1%	935.00	5%	885.20	-4%	972.40
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige handelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))										
SORGHUM Spot	3469.00	254 ↑	7.9%	3215.00	0.0%	3469.00	0.0%	3469.00	-7.5%	3750.00
WMAZ Spot	2952.00	52 ↑	1.8%	2900.00	4.3%	2829.00	7.2%	2755.00	-6.4%	3155.00
WMAZ Mar '20	2915.00	43 ↑	1.5%	2872.00	4.8%	2782.00	4.2%	2798.00	-10.1%	3242.00
YMAZ Spot	2830.00	14 ↑	0.5%	2816.00	4.7%	2703.00	3.9%	2723.00	0.8%	2807.00
YMAZ Mar '20	2817.00	4 ↑	0.1%	2813.00	3.9%	2712.00	2.6%	2746.00	-1.0%	2845.00
SOY Spot	6064.00	-16 ↓	-0.3%	6080.00	-5.3%	6400.00	2.0%	5944.00	-2.8%	4931.00
SOY Mar '20	6024.00	-1 ↓	0.0%	6025.00	-4.8%	6325.00	0.7%	5984.00	20.4%	5004.00
SUN Spot	5677.00	0 ↑	0.0%	5677.00	5.0%	5406.00	4.2%	5450.00	-3.8%	5900.00
SUN Mar '20	5696.00	2 ↑	0.0%	5694.00	3.8%	5490.00	2.7%	5547.00	-2.8%	5860.00
WHEAT Spot	4555.00	10 ↑	0.2%	4545.00	2.1%	4460.00	3.9%	4386.00	2.5%	4445.00
WHEAT Mar '20	4560.00	1 ↑	0.0%	4559.00	1.6%	4489.00	1.3%	4500.00	1.8%	4478.00
OLIESADE (US\$/ton)	2020/01/17	Bron: Oilworld			2020/01/10	2019/03/22	2018/04/30			
Soya-oil, Arg.	805	↓	-3.9%	838	18%	685	19%	676		
Soya-pell, Arg.	340	↑	0.6%	338	4%	326	-8%	368		
Soybean, USA	390	↓	-2.0%	398	3%	379	-5%	410		
USA Runner 40/50	1500	↑	0.0%	1500	15%	1300	15%	1300		
Sun-oil, Arg.	800	↑	0.0%	800	20%	665	0%	800		
Sun-oil, Black Sea	800	↓	-1.2%	810	19%	675	7%	750		
Sunseed,Black Sea	415	↓	-2.4%	425	12%	370	1%	409		
Rapeseed, EU cif	459	↓	-1.1%	464	10%	417	15%	399		
Palmk oil Mal, EU	970	↓	-5.8%	1030	35%	720	-6%	1037		
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE										
<p>Sojabone: Die verwerking en uitvoere van sojabone vanaf die VSA, die 4 grootste Suid-Amerikaanse lande en die Oekraïne het noemenswaardig toegeneem in die laaste paar maande van 2019 in vergelyking met die selfde tyd van die jaar gedurende 2018. Die grootste toename in die verwerking en uitvoere van sojabone gedurende hierdie tydperk was in Argentinië gewees, met die Argentynse verwerking wat gedurende Desember die 2de hoogste maandelikse verwerking in die geskiedenis bereik het. In Argentinië is daar gedeeltes wat steeds baie droog en dit belemmer die aanplantings van die opvolg sojaboon oes in hierdie gedeeltes. Die verwagting is dat die Argentynse oppervlakte wat hierdie seisoen aangeplant behoort te word ongeveer 300 000 hektaar minder behoort te wees as wat aanvanklik verwag was. Dit skep ook die verwagting dat die Argentynse produksie vir die seisoen moontlik kleiner kan wees as die vorige skatting van 53 miljoen ton. In Brasilië het die stroop proses van sojabone begin, maar dit is aansienlik stadiger as die normale tempo. Die skatting is dat sowat 0.4% van die sojaboon oppervlakte reeds teen einde verlede week gestroop was. Dit is aansienlik minder as die gemiddelde tempo van 2.1% gestroop teen dieselfde tyd van die seisoen. Die aanplantings in Brasilië was ook hoofsaaklik later as normaal gewees hierdie seisoen as gevolg van droë toestande wat oor groot gedeeltes van die land geheers het. Plaaslik: Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer verhandel vir die week. Die plaaslike mark het die afgelope tyd goeie ondersteuning gevind en die mark het naby aan die invoerpariteitspryse gedraai. Die plaaslike voorraadvlakke is aansienlik laer as 'n jaar gelede met die seisoen se verwerking wat baie positief was.</p> <p>Sonneblomsaad: Die wêreld sonneblomsaad uitvoere het hierdie seisoen skerp toegeneem en dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die groot hoeveelhede sonneblomsaad olie wat beskikbaar is. Die lande in die Swartsee streek het hierdie seisoen rekord sonneblomsaad oeste gehad en die verwerking van sonneblomme in hierdie lande het skerp toegeneem. Daar is hierdie seisoen ook 'n baie sterk invoer vraag na sonneblom olie wat die wêreld uitvoere ondersteun het. Ten spyte van die goeie uitvoere wat reeds deur hierdie seisoen uit Argentinië uit plaasgevind het is die verwagting dat die totale sonneblom olie uitvoere laer behoort te wees hierdie seisoen. Die verwagting is dat die 2020 sonneblomsaad produksie in Argentinië laer behoort te wees wat die beskikbare voorraad bietjie meer behoort te beperk. Plaaslik: Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week gemeng verhandel, maar het hoofsaaklik hoër gesluit vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.</p> <p>Kanola: Frankryk se kanola invoere van 148 000 ton gedurende November 2019 was hoog gewees en dit het die kumulatiewe invoere vir die seisoen tot op 40% meer te staan gebring as die vorige seisoen se invoere. Die verwagting is dat die VAE se kanola invoere vir die seisoen tussen Julie 2019 tot Junie 2020 skerp sal toeneem. Die wêreld kanola olie voorraad is steeds laag en Kanada het steeds groot hoeveelhede beskikbare voorraad vir uitvoere beskikbaar. Plaaslik: Die plaaslike kanola produksie vir die seisoen word op 96 200 ton geskat.</p> <p>Grondbone: China se invoer vraag na grondbone en grondboon produkte het skerp toegeneem en die groot invoere wat tans plaasvind plaas druk op voorrade in die wêreld konteks van grondbone. Volgens die nuus het China reeds groot hoeveelhede nuwe seisoen grondbone vanaf Senegal aangekoop vir invoere. Die Chinese kopers bied beter pryse aan as die plaaslike verwerkers. Die verwerkers in Senegal is bekommerd dat die grootste gedeelte van hul grondboon oes uitgevoer sal word na China toe wat hulle plaaslike verwerkers onder druk sal plaas in terme van voorraad. Plaaslik: In die plaaslike mark is daar steeds baie onsekerheid rakende die nuwe seisoen se produksie. Die voorlopige oppervlakte aangeplant vir die seisoen word die 29ste Januarie bekend gemaak.</p>										
Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za										